

# WIE MOET DIE GEVEG BEGIN? DEEL 2



30 MEI 2021 (AANLYN) **PREEKNOTA**

**ONS IS DEEL VAN JESUS SE LIGGAAM, MAAR OOK DEEL VAN SY LEËRMAG**

**'N RAAMWERK:**

## 1. Die duiwel is 'n werklike wese

"... want ons is met sy (die duiwel) planne nie onbekend nie." **2 Korintiërs 2:11 (AFR53)**

## 2. Die duiwel is beperk

*"There is no neutral ground in the universe. Every square inch, every split second is claimed by God, and counterclaimed by the devil."* **C.S. Lewis**

"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." **Efesiërs 6:11-12 (AFR53)**

"Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen." **Johannes 8:44b (AFR83)**

"Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" **Genesis 3:1 (AFR83)**

"Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdadig julle alles kan ken." **Genesis 3:2-5 (AFR83)**

"Staan dus vas deur waarheid as 'n gordel om julle heupe te dra en trek God se vryspraak as borsharnas aan. Trek die bereidheid om die Goeie Nuus van vrede te verkondig, aan soos skoene aan julle voete. Dra onder alle omstandighede die skild van die geloof. Daarmee kan julle al die brandpyle blus wat die Bose afskiet. Gebruik God se verlossing as 'n helm om julle koppe te beskerm. En gebruik die swaard van die Gees, dit is God se woord." **Efesiërs 6:14-17 (NLV)**

"Die woord van God is vol lewenskrag en energie. Dit is skerper as 'n swaard wat twee skerp kante het. Dit sny diep tot binne-in ons innerlikste wese, tot in ons gewrigte en murg. Dit vlek ons diepste motiewe en oorwegings oop." **Hebreërs 4:12 (NLV)**

"For the word of God is living and active and full of power [making it operative, energizing, and effective]. It is sharper than any two-edged sword, penetrating as far as the division of the "soul and spirit" soul and spirit [the completeness of a person], and of both joints and marrow [the deepest parts of our nature], exposing and judging the very thoughts and intentions of the heart." **Hebrews 4:12 (AMP)**

"Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word." Maar Hy antwoord: Daar staan geskrywe: "n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom." **Matteus 4:3-4 (AFR83)**

"Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: "Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie." Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie." **Matteus 4:5-7 (AFR83)**

"Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid." Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." **Matteus 5:8-10 (AFR83)**

"Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie." **Psalms 119:11 (AFR53)**


**WEET JY WAAR JOU SWAARD IS, AS JY DIT NODIG HET?**

Vir ons aanlyndienste en ander nuus volg ons op



Ons 'YouTube' kanaal vir aanlyndienste

**BETALINGSOPSIE:**  
*Elektronies*



KruisWeg Gemeente  
FNB  
Tjekrekening: 627 037 197 50  
Takkode: 250 655

Baie dankie! Ons waardeer elke bydrae